

# 2026

# Tydskrifprofiel

## ‘N TYDSKRIF ENIG IN SY SOORT IN SUID-AFRIKA

*Plus 50* is 'n tweemaandelikse, tweetalige tydskrif wat die belange van senior mense op die hart dra en reeds die afgelope 20 jaar landwyd versprei word.

Onderwerpe waarin seniors belangstel, soos onder meer aftreebeplanning, interessante leefstyle, inspirerende persoonlikhede, gesondheid, sport en aktiwiteite, stokperdjies, goedlykmodes, mooiblyplanne, geldsake en nuus oor gebeure in die seniorswêreld kry aandag in ons artikels en rubrieke.

Mense bo 50 se fut is nog lank nie uit nie – hulle verkies om aktief te bly, hou daarvan om nuwe dinge te ontdek, nuwe avonture te beleef, te reis en interessante mense te leer ken. Hulle wil gesond bly, goed lyk en ‘n nuwe fase van hul lewe geniet. Dit is tans nie ongewoon om ná 50 met ‘n nuwe loopbaan te begin nie!

*Plus 50* bied aan sy adverteerders die geleentheid om hul produkte of dienste telkens ten minste 60 dae aan potensiële kliënte bekend te stel aangesien elke uitgawe omtrent twee maande lank te koop is.

*Plus 50* word as ‘n gedrukte tydskrif uitgegee, is aanlyn beskikbaar as ‘n elektroniese tydskrif en het ook ‘n teenwoordigheid op televisie met sy kykNET-reeks “Met ‘n huppel in die stap”. Ons het ook ‘n Faceboek-blad en ons webwerf is by www.plus50.co.za.

Gedrukte kopieë word aan intekenare gepos, of tuis afgelewer, word gratis aan dokterspreekkamers verskaf en kan gekoop word by o.a. Woolworths, Spar, Pick n Pay en Clicks. Die tydskrif is ook beskikbaar by uitgesoekte takke van CNA en Exclusive books.

Die tydskrif word deur Plus 50 Media (Edms) Bpk in Lynnwood, Pretoria, uitgegee.

## LESERSPROFIEL

Die *Plus 50*-leser val in twee kategorieë: Daar is eerstens die groep wat tans op die kruin van hul loopbaan is en aftreebeplanning doen. Hulle is gewoonlik in die ouderdomsgroep 50 tot 65.

Tweedens is daar die groep wat reeds afgetree het, meestal in die ouderdomsgroep bo 65 of 70. Uiteraard stel die leser baie belang in persoonlike finansies en lees wyd daaroor. Bekostigbaarheid van lidmaatskap van ‘n mediese fonds, en beleggings in die geval van pensioenuitbetaling of aflegging is twee aspekte waaroor voortdurend inligting verlang word.

Vir die welvarende lesers breek ‘n tydperk met minder uitgawes aan. Eiendom en motors is afbetaal, eienaarskap van ‘n tweede eiendom kom algemeen voor. Minder welvarende lesers oorweeg ‘n tweede loopbaan om voldoende voorsiening te maak vir hul oudag.

Die lesers moet verskeie belangrike besluite neem – die grootste waarskynlik oor woonplek. Dit kan behels dat die huidige eiendom verkoop word en na ‘n kleiner woonplek verhuis word. Dit kan verhuising na ‘n aftreeoord wees en dan is die beskikbaarheid van ‘n verswaktesorgeenheid deurslaggewend. Dit kan ook behels dat die kinders die woonhuis betrek en die afgetredenes ‘n kleiner eenheid op dieselfde perseel betrek.

Die lesers het ‘n groot belangstelling in gesondheid. Eerstens in ouderdomsverwante kwale en tweedens in ‘n gesonde leefstyl soos eetgewoontes, sportaktiwiteite, positiewe veroudering en optimale benutting van ‘n mens se senior jare.

Dit is dikwels die tydperk in die leser se lewe wat daar meer tyd is om te reis. Daar is artikels oor oorsese bestemmings vir diegene wat graag na die buiteland reis. Vir diegene wat meestal plaaslik reis of vakansie hou, en dit gewoonlik buite seisoen doen, word ‘n wye verskeidenheid keuses aangebied. Daar is ‘n belangstelling in verskillende soorte reise en toere, ook in selfsorg- of luukse verblyf teenoor karavaanvakansies. Bekostigbare lugrederye is van belang, soos ook betroubare toeroperateurs.

*Plus 50* publiseer rubrieke wat deur kundiges op al die bogenoemde gebiede geskryf word. Dit word afgewissel met interessante profielartikels oor bekende plaaslike persoonlikhede. Artikels oor verskeie stokperdjies verskyn ook in die tydskrif.


abc

Tel: 012 348 8706 I plus50@plus50.co.za | www.plus50.co.za
Suite 145, Privaatsak X19, Menlopark, 0102
2de Vloer, The Hillsidestraat, Lynnwood 0081, Pretoria
Registrasienommer: 2013/002733/07
BTW-nommer: 4340219924
Belastingnommer: 9756796141

PLUS 50
‘n Huppel in jou stap / A spring in your step